

MOSSIE EN MENS

R.A. Earlé



Die een is klein, vlieënd en aanpasbaar, die ander, groot, lopend en verander die omgewing om hom te pas. Wat 'n kombinasie? Tog bly hulle heerlijk saam in 'n omgewing wat deur die mens geskep is, en dit in klaarblyklike harmonie — of is dit?

Aan die mens hoef ek u seker nie voor te stel nie en nog minder aan die omgewing waarin hy bly, ons is immers almal die MENS.

Die MOSSIE is 'n ander saak. In Suid-Afrika is daar nie minder nie as vier soorte mossies. Die Grootmossie, *Passer motitensis*, vermy die mens uit vrye keuse. Hulle word slegs aangetref in die droeër dele van die land, vër van die mens af. Die Gryskopmossie, *P. griseus*, is glad nie so sku vir die mens nie maar verkies nog steeds die vrye natuur en kom selde in dorpe of stede voor.

Dit is egter 'n heel ander storie wat die ander twee mossies betref. Die Huismossie, *P. domesticus*, is soos sy wetenskaplike naam aandui, 'n "huishoudelike" voël. Die mossie het oorspronklik net in Europa en suidelike Asië voorgekom maar met die ontdekking van die nuwe wêreld en Afrika is dié voëltjie saam met die mens as te ware die wêreld in. Die voëltjie het Suid-Afrika vroeg hierdie eeu bereik en het gou deur die land versprei, natuurlik altyd om die huis en sy geboue. Die inheemse Gewone Mossie, *P. melanurus*, is ook glad nie skaam vir die mens nie. Dié mossie is baie algemeen in mensgemaakte habitate soos voorstedelike tuine en selfs in die betonoerwoud.

Daar is onlangs 'n studie in en om Bloemfontein deur Die Departement Ornitologie van die Nasionale Museum, Bloemfontein onderneem om vas te stel of die Gewone Mossie goed aangepas is om saam met die mens te leef. Dié mossie het ongeveer 300 jaar gelede vir die eerste maal met die mens in aanraking gekom en in Bloemfontein eers sowat 30-50 jaar gelede in die betonoerwoud begin leef. Dit staan in skrilte kontras met die Huismossie wat in Europa al vir eeue met die mens saam leef en dus goed aangepas is vir die "lewe in die stad".

Daar is bevind dat die Gewone Mossies in drie goed onderskeibare groepe leef. Die wat in die stad woon en die wat in die voorstede hulle bestaan voer en die wat in die plattelandse gebiede voorkom en selde, indien ooit, 'n mens sien. Die interessante aspek is dat die drie populasies nie meng nie — stadsmossies is stadsmossies en voorstedelike mossies is voorstedelike mossies! Vir die buitestaander, is dit onbegryplik dat 'n mossie in die beton oerwoud bly terwyl daar oop ruimtes net 'n paar kilometer verder is waar daar beslis baie meer kos en nesmaakplek is. Die antwoord is blykbaar dat indien jy, as mossie, nie van beter weet nie, aanvaar jy jou omgewing soos jy dit kry en maak die beste daarvan. Daar is tydens die studie bevind dat mossies wat in die middestad bering is nooit meer as 500 m en selde meer as 300 m van hulle slaapplekke af beweeg het nie. Dit beteken egter nie dat die Gewone Mossies in die beton oerwoud 'n lekker lewe het nie. Daar is ook bevind dat hierdie stadsmossies altyd minder eiers per broeisel lê en dat hierdie eiers boonop kleiner is as eiers gelê deur die mossies in voorstede en in die platteland.

Maar nog is het einde niet! Wat van die Huismossies wat al 'n lang pad saam met die mens kom. Wel, hulle is, soos verwag, beter aangepas en hulle broei byna net so goed soos die wat in die voorstede voorkom. Een rede hiervoor is dat dié soort mossie goed aangepas is én al sy geleenthede gebruik. Huismossies het byvoorbeeld die gedrag ontwikkel om motors as 'n bron van voedsel (nie 'n voedselbron nie) te

gebruik. Motors word baie gereeld ondersoek vir insekreste. Selfs graspluime waarin daar dalk insekte kan skuil, word van die rooster van die motor verwyder en ondersoek. As die Huisbossies net kon lees, sou hulle dalk minder tyd gemors het op die skoon voertuie met plaaslike nommerplate en die met buitestedelike nommerplate verkies het.

Ek glo nie die mens kry so baie uit die mossies as wat die mossies uit die mens kry nie, maar dan hoef ons mos nou nie by die mossies se omgewing aan te pas nie. Man maar Mossie klink neerhalend. Mossie maar Man is 'n kompliment. Die enigste vraag is nou nog — watter soort Mossie?



HOE VOLOP IS VERSIERDE PLAASARBEIDERWONINGS NOG OP PLASE?

Die Departement Antropologie beoog om eersdaags met die dokumentasie van versierde wonings van plaasarbeiders te begin. Indien daar sulke huise op u plaas voorkom en u bereid is dat Museumpersoneel u plaas mag besoek om hulle te fotografeer en met u en u arbeiders onderhoude daaroor te voer, word u vriendelik versoek om die meegaande vorm te voltooi en dit aan Die Hoof, Departement Antropologie, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300 te stuur.

HOW COMMON ARE DECORATED FARM LABOURER HOUSES ON FARMS?

The Anthropology Department plans to start a project relating to the documentation of decorated houses of farm labourers in the near future. If there are such houses on your farm and you are prepared to permit Museum personnel to visit your farm in order to photograph them and interview you and your labourers regarding them, please complete the accompanying form and send it to the Head, Department of Anthropology, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300.



Naam van eienaar/boer
Name of owner/farmer

Naam van plaas
Name of farm

Distrik
District

Tel. Nr. (met voorafkode)
Tel. No. (plus code)